

Sing vooraf: Psalm 118:8 (p. 577)

- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde^{en} en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:2 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 18:10 (p. 74)

- 10 Die HEER het my, trots hul geweld, / na my geregtigheid vergeld;
en na die reinheid van my hand / doen Hy sy woord aan my gestand.
Ek het nie, aan sy stem ontrou, / sy pad verlaat, aan hul gelyk,
wat goddelooslik af wou wyk, / maar het my aan sy spoor gehou.

Skriflesing: Johannes 4

Teks: Johannes 4:34-37; Kategismus Sondag 49

Jesus sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring. Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes. En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaiers en die maaiers saam bly kan wees. Want hierin is die woord waar: Dit is een wat saai, en 'n ander wat maai. (Johannes 4:34-37 AFR1953)

Kyk wat gebeur in dié gedeelte:

Die Here Jesus se dissipels het gaan kos koop. Hulle was moeg en honger.

Die Here bly by die put agter. Hy vra vir 'n Samaritaanse vrou water om te drink.

Nadat Hy 'n lang gesprek met haar gehad het, kom die dissipels terug en dring by Hom aan dat Hy moet eet.

Dit blyk dat die Here nie van die vrou se water gedrink het nie en ook nie van die dissipels se kos geëet het nie.

En intussen het sy dissipels by Hom aangedring en gesê: Rabbi, eet. Maar Hy sê vir hulle: Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie. Die dissipels sê toe vir mekaar: Het iemand dan vir Hom ete gebring? Jesus sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring. (Johannes 4:31-34 AFR1953)

Die Here maak 'n baie belangrike uitspraak:

My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring.

Ons kom dadelik agter dat die Here Jesus nou die inhoud van sy gesprek verander het.

- Hy praat nie meer van fisiese kos nie.
- Hy praat van geestelike voedsel – dinge wat mens vir die ewige lewe gereedmaak/voed.

Nie die dissipels of die vrou het verstaan waarvan die Here nou meteens praat nie! Die vraag is of ons dit verstaan?

Om God se wil te doen kan net gebeur as ons die Here vra om vir ons te verduidelik wat sy wil is.

- In ons wêreld is ons so verskeurd en verward dat ons dikwels onself nie eers verstaan nie – hoe sal ons nog die Here kan verstaan?
- Waardes verskil so tussen mense dat ons dikwels oor belangrike dinge van mekaar verskil – hoe sal ons dan uit ons onvolmaaktheid kan weet hoe'n mens iets volmaaks vir die Here moet doen?

Daarom het die Here Jesus ons geleer om dit in ons gebed in te sluit dat die Here ons hierdie insig moet gee: **Laat U wil geskied!**

- Jy kan nou net dink hoeveel moeilikheid jy gaan optel as jy meteens weet wat die Here van jou verwag en jy doen dit, maar niemand anders doen dit nie!
- Jy gaan elke oomblik van jou lewe in konflik beland!

Baie mense ken die Here nie. Daar is ook baie wat Hom nie wil ken nie.

- Dis almal mense wat die geestelike voedsel van die verlossing in die Here Jesus nooit sal smaak nie.
- Dit beteken dat hulle daaglikse lewe ook nie sal beweeg binne dieselfde grense as wat die mense het wat binne die grense beweeg wat God aan die gelowiges stel nie.

Daarom moet ons ook bid dat die Here dit sal beskik dat dat alle mense (gelowig en ongelowig) hulle eie wil sal versaak.

- Die gebed moet dan juis wees dat in die plek van ons eie wil die Here sy wil aan ons bekend maak
- en dat Hy ons in die geleentheid sal stel dat ons almal sy wil sal navolg.

Dis maklik om te bid dat die Here ons almal aan sy wil gehoorsaam moet maak.

- Maar dis nie so maklik vir mense om die insig aan die dag te lê om dit te kan doen nie.
- Kyk byvoorbeeld wat het die dag daar by die put van Jakob gebeur!
 - Ons kan nou sê die Samaritaanse vrou het die ding van God se wil nie verstaan nie, want sy staan bietjie vlak in die Godsdien.
 - Maar die dissipels wat meer van Godsdien behoort te weet, verstaan ook nie wat daar aan die gang is nie – hulle verstaan ook nie die Here se uitspraak nie!

Die probleem met al twee die stelling mense was dat hulle die wil van die Here verstaan het. Dit het vir hulle oor daaglikse uiterlike dinge gegaan.

- Vir die vrou het dit daarvoor gegaan
 - dat Jakob die grootste is – sy is volgens haar 'n afstammeling van hom.
 - Toe gaan dit vir haar oor fisiese water wat die dors vir ewig les.
 - Toe gaan dit oor Jerusalem as bidplek.
 - Dan eers sê sy dat sy weet dat die Messias kom – Hy sal hulle alles leer.
 - Daarna gaan roep sy 'n groep mense en vra vir hulle of die man dalk die Messias is.
- Die dissipels vaar niks beter nie.
 - Terwyl die Here 'n deurbraak met die vrou in die geesteswêreld in maak, begin hulle karring oor kos – hulle haak ook aan die fisiese vas!
 - Toe die Here sê dat Hy Hom versadig met gehoorsaamheid aan die wil van God, wil hulle weet waar Hy dan kos gekry het om te eet.

Op hierdie bespiegeling van die dissipels antwoord die Here Jesus:

Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie. . . . My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring.

Dit wat die Here Jesus hier doen – naamlik dat Hy eers sy werk wil klaarmaak voordat Hy eet – kry ons op meer plekke in die Bybel:

- Toe Eliëser Rebekka vir Isak moes gaan haal, lees ons:

Daarop het hulle ete voor hom neergesit; maar hy het gesê: Ek sal nie eet voordat ek my saak voorgedra het nie. En hy antwoord: Spreek maar. (Genesis 24:33 AFR1953)
- Net so wou Samuel ook nie eet voordat Hy Dawid nie gesalf het nie!

Verder het Samuel aan Isai gevra: Is dit al die seuns? En hy sê: Die kleinste is nog oor, en kyk, hy pas skape op. Toe sê Samuel aan Isai: Stuur en laat hom haal, want ons mag nie om die tafel gaan sit voordat hy hier kom nie.
(1 Samuel 16:11 AFR1953)

Waaroor gaan dit?

- Eerste gehoorsaamheid aan God en dan die fisiese dinge soos kos en wat alles nog.
- Ons moet natuurlik fluks en ywerig wees, maar ons moet nooit so vol van die aardse dinge wees dat ons die Goddelike dinge vergeet nie.

Ons moet in ons dagtaak en in elke besluit wat ons neem, volg in die voetspore van ons Here Jesus: Vra heel eerste wat wil die Here hê. Gaan doen dan presies dit. Dis waarvoor Hy vir ons gaan sterf het en ook waarvoor Hy sy Heilige Gees oor ons uitgestort het.

Kom ons lees saam wat ons belydenis hiervan skryf in die Heidelbergse Kategismus Sondag 49:

Vraag 124: Wat is die derde bede?

Antwoord: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).

(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Ef 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.

Amen

Slotgebed

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan – dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 12 Oktober 2008